SimpleStudy®

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2012

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

*AFRFA3*

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye, insluitende 'n antwoordblad.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
   AFDELING A: Opstel (50 punte)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (30 punte)
   AFDELING C: Korter tekste: Transaksioneel/Naslaan/Informatief (20 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen jou beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.

7. Skryf duidelik die woorde FINALE SKRYFSTUK boaan die skryfstuk wat geassesseer moet word.

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Voorsien elke skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif.

10. Tel jou woorde en skryf dit regs onderaan die skryfstuk in hakies.
    LET WEL: die titel word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Beplan jou tyd so:

    AFDELING A: 80 minute
    AFDELING B: 40 minute
    AFDELING C: 30 minute

## AFDELING A: OPSTEL

- Kies EEN vraag om te doen.
- Die lengte van jou skryfstuk (opstel) moet tussen 200 en 250 woorde wees.
- Maak seker dat jou skryfstuk ’n titel het.

### VRAAG 1

Dit lyk nie asof die strafwerk wat in skole gegee word met die dissipline help nie. Sommige onderwysers en ouers vra dat leerders weer ‘n pakslae moet kry.Wat is jou mening daaroor? Moet lyfstraf weer in jou skool teruggebring word? Skryf ‘n opstel waarin jy argumenteer oor lyfstraf by skole – voorsien voorbeelde.



Titel: Lyfstraf op skool? **[50]**

**OF**

### VRAAG 2




Jy het jou ma nog nooit só kwaad gesien nie. Sy was só kwaad vir jou! Skryf ’n opstel waarin jy beskryf waarom jou ma so kwaad was. Dit kan ’n grapperige of ernstige insident wees wat jou ma kwaad gemaak het.

Titel: Dié dag toe my ma smoorkwaad was. **[50]**

**OF**

### VRAAG 3

“Vandag se tieners is nie soos ons toe ons tieners was nie,” is woorde wat jy ook seker al gehoor het. Dit het jou laat dink: wat maak vandag se tieners anders? Skryf ’n opstel waarin jy redeneer oor die verskille en ooreenkomste tussen jou en jou ouers/ grootouers se tienerjare.

Titel: Tieners. **[50]**

**OF**

### VRAAG 4

Het jy al ooit gewens jy is iewers anders wanneer jy soggens deur jou ma/pa of die taxi voor die skoolhek afgelaai word? Skryf ’n **opstel** waarin jy **bespiegel** oor waar jy eerder sou wou wees en hoekom juis daar.

Titel: My droomplek. **[50]**

**OF**

**VRAAG 5**

Suid-Afrika het baie amptelike vakansiedae soos Erfenisdag, Jeugdag, Kersdag, ens. Watter een van hierdie vakansiedae is vir jou spesiaal?
Skryf 'n **opstel** waarin jy van hierdie spesiale dag **vertel**. Die volgende woorde "*Suid-Afrika is trots op jou* ..." moet êrens in jou opstel verskyn.


Titel: (Jou eie keuse vakansiedag) **[50]**

**OF**

**VRAAG 6**

Bestudeer die volgende visuele tekste noukeurig. Laat jou gedagtes gaan en kies EEN om oor te skryf. Jou skryfstuk moet kreatief wees en ooreenstem met die boodskap wat die prent uitbeeld.

6.1



BRON: *Sarie, Oktober 2011*

6.2



BRON: *Keur, Julie 2011*

6.3



BRON: *Rooi Rose, Augustus 2011*

6.4



BRON: *Rooi Rose, Oktober 2011*

Titel: Voorsien die skryfstuk van jou eie gepaste titel. **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Kies EEN vraag om te doen.
- Die lengte van jou skryfstuk moet tussen 120 en 150 woorde wees.
- Maak seker dat jy die instruksies by elke vraag goed deurlees en volg.

### VRAAG 7 KOERANTARTIKEL

Kies EEN van die koerantopskrifte om ŉ **artikel** vir die **sportblad** te skryf.

BOKKE!!!!!!!!!!

SKAAKMAT VIR SA

FANTASTIESE SEWES

BAFANA – AFRIKA SE HOOP

SA-NETBAL WYS DIE WÊRELD

VERRASSINGS OP WIMBLEDON

ŉ SOKKERWEDSTRYD **[30]**

**OF**

### VRAAG 8 DIALOOG

Een van die reëls vir die eksamen is dat daar geen selfone in die eksamenlokaal mag wees nie, maar een van die leerders in jou skool het die reël oortree en is gevang toe hy/sy ŉ selfoon tydens die eksamen gebruik het.

Skryf die **gesprek** tussen die onderwyser en die leerder neer. **[30]**

**OF**

### VRAAG 9 OOGGETUIEVERSLAG

Dwelms is ŉ groot probleem onder tieners en in die skool. Die polisie het die skool besoek en die honde het dwelms by ŉ leerder gekry. Jy het ook al gesien hoe daardie leerder dwelms tydens pouse aan sy maats verkoop het. Die polisie het jou gevra om ŉ verslag te skryf van wat jy gesien het. Skryf jou **ooggetuieverslag** en maak gebruik van die formaat soos dit deur die polisie aan jou verskaf is.

Formaat:

- Persoonlike inligting van ooggetuie
- Besonderhede van gebeure
- Samevatting
- Handtekening en datum **[30]**

**OF**

### VRAAG 10 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Elke Desembervakansie gaan jou gesin na hulle tradisionele huis op die platteland. Jy wil nie hierdie vakansie saamgaan nie, want jy het ander planne gemaak. Skryf ŉ **brief** aan jou grootouers en verduidelik aan hulle waarom jy nie hierdie vakansie daarheen wil gaan nie. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE

- **Kies EEN vraag om te doen.**
- Die lengte van jou skryfstuk moet tussen 80 en 100 woorde wees.
- Volg die instruksies by elke vraag noukeurig.

### VRAAG 11 PLAKKAAT

Jy en jou maats is baie bekommerd oor die baie rommel wat daagliks in jou dorp se strate lê en wil graag ŉ skoonmaakdag reël. Jy het die volgende artikel in die koerant gelees en ŉ idee gekry hoe julle dit kan doen.

**Kinders speel klaar met hope rommel in Langkloof**
Nagenoeg 350 kinders van die woonbuurt Ravinia het Maandag by die Langkloof se "eerste herwinningsdag vir kinders" met sakke vol rommel opgedaag. Die rommel is omgesit in "geld" waarmee hulle dinge soos eetgoed, toiletpapier, tandepasta, seep, balle en lemoene kon "koop."
"Ons was verheug oor die opkoms en die hope rommel wat so ingesamel is," het ds. Barnard Steyn van die NG Kerk, Joubertina gesê.

Verwerk en aangepas uit Burger: 29/9/2011

Ontwerp nou die **plakkaat** waarin jy ŉ soortgelyke dag in jou omgewing reël. Maak seker dat al die nodige inligting op jou plakkaat is om dit ŉ suksesvolle skoonmaakdag te maak. **[20]**

**OF**

### VRAAG 12 FACEBOOK BOODSKAP

Maak gebruik van die vorm wat op bladsy 8 voorsien word. Maak dit los en heg dit aan jou antwoordeboek.

Een van jou skoolmaats se matriekafskeidsrok het R9000 gekos! **Lewer kommentaar** daaroor op jou Facebook-blad. **[20]**

**OF**

## VRAAG 13 AANWYSINGS

Jy is deel van 'n groep wat op 'n eiland na 'n skat soek. Die kaart hieronder is vir jou gegee, maar jy is gevra om dit dadelik te vernietig. Jy is toe baie slim en skryf die aanwysings neer en hou dit by jou. Jy het ook onthou om neer te skryf watter vervoermiddel jy gaan gebruik om met die skat van die eiland af weg te vlug. Skryf jou **aanwysings chronologies ondermekaar neer.**




**[20]**

**OF**

## VRAAG 14 DAGBOEKINSKRYWING

Net toe jy dink dat dit nooit gaan gebeur nie – gebeur dit! Hy/Sy het jou uiteindelik raakgesien en uitgevra op 'n afspraak! O, die vreugde!

Maak 'n dagboekinskrywing oor hoe jy oor die afspraak voel. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

**NAAM EN VAN:** ______________________________________________

**GRAAD 11:** ________

**VRAAG 12 FACEBOOK BOODSKAP**

Maak gebruik van die vorm wat op hierdie bladsy voorsien word. Maak dit los en heg dit aan jou antwoordeboek.

Een van jou skoolmaats se matriekafskeidsrok het R9000 gekos! **Lewer kommentaar** daaroor op jou Facebook-blad. **[20]**

